

20 April

Skrifgedeelte: Esegïel 2:1-3:15

Fokusgedeelte: Esegïel 2:4-5

Instrument van God

Toe die Here vir Esegïel geroep het om as profeet onder die ballinge op te tree, het Hy dit baie duidelik gemaak dat Hy die een is wat aan Esegïel sy opdragte gee. Esegïel het 'n baie belangrike taak gehad om te verrig. Hy moes naamlik die Here se Woord gaan verkondig. Van die begin af moes Esegïel egter besef dat hy self nie belangrik is nie. Hy moes bloot sy werk doen, en daarby weet dat die werk nie altyd maklik gaan wees nie. Die mense in ballingskap was 'n weerbarstige volk. Hulle het hulle eie siening van sake gehad. Hulle het gehoop dat hulle gou weer na hulle eie land sou kon terugkeer en wou nie luister as Esegïel 'n ander boodskap gebring het nie. Die gevolg was dat hulle al te maklik Esegïel se woorde verwerp het, omdat hy nie gesê het wat hulle wou hoor nie. Vir Esegïel moes dit nie 'n verrassing wees nie. Dit is tipies van die mens om maar sy eie kop te volg en om nie voor God se Woord te buig wanneer daardie Woord teen jou verwagtinge ingaan nie. Esegïel moes egter getrou bly aan sy opdrag om instrument van God te bly, selfs teen alle weerstand in. Om God se instrument te wees is ook tiperend van wat Jesus kom doen het. Hy het God se wil gedoen tot aan die kruis en daarna. Juis daarom moet gelowiges steeds God se instrumente wees, in hulle werk en lewe van elke dag, en veral as hulle voor die wêreld van God getuig.

Sing: Psalm 45:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)